Behlawe kitsgras is daar ook verskeie ander gewasse wat die boer kan aanplant. Mnr Richards sê die Stadsraad het geen beperkings op die boere gelê nie en die enigste beperking op dit wat hy mag plant of nie is dié wat vervat is in die gesondheidswet. Dit beteken dat die boer nie iets mag kweek wat normaalweg rou geëet word nie.

Een van die belangrikste beginsels volgens mnr Richards om die slykplaas te laat werk, is dat die besproeiingsgedeelte en die rioolwerke absoluut onafhanklik van mekaar moet kan funksioneer.

"Anders gebeur dit maklik dat die werkebestuurder die slykplaas by die boer oorneem of die boer neem die rioolwerke by die werkebestuurder oor, afhangende

van watter persoon die sterker persoonlikheid het.

"Of die boer sê hy kan nie vandag slyk vat nie want hy is besig om plantjies uit te plant. Die werkebestuurder is dan in die moeilikheid want wat maak hy nou met die slyk?"

"Daarom het ons 'n slykopgaardam gebou om die rioolwerke en die plaas onafhanklik van mekaar te kan bedryf. Wanneer die slyk in die verteenders gereed is om afgetrek te word, word dit na die opgaardam gepomp. Die dam het 'n houkapasiteit van veertien tot een en twintig dae en die boer moet uit hierdie opgaardam besproei. Met ander woorde die twee operasies, slykaftrekking en besproeiing geskied totaal onafhanklik van mekaar. Die opgaardam maak dit ook vir die boer moontlik om gedurende 'n tyd soos Kersfees sy plaas te sluit en met vakansie te gaan. Hy sorg dat die dam leeg is voordat hy vertrek en die werkebestuurder kan nou rustig vir daardie tydperk die werke bedryf sonder om met 'n slykprobleem te sit."

Mnr Richards sê hulle het oorspronklik nie opgaardamme gehad nie maar somer direk op die plaas besproei. "Die nadeel was dat jy dan die hele tyd moet bedryf."


PROBLEME

Hy sê die Stadsraad het baie skoolgeld betaal met die aanlê van die eerste plaas by die Flip Human-rioolwerke.

"Die tweede plaas by Percy Stewart is in hierdie stadium 'n beter besproeiingsplaas as die eerste een omdat ons die foute wat ons by die eerste een gemaak het nie weer by die tweede een herhaal het nie."

Van die probleme wat hulle ondervind het, was die volgende: met die verskillende tipes slyk by die Flip Human-rioolwerke het die slyk in die opgaardam gesegregeer. Die oorsaak van die probleem was dat die dam te vlak en te groot was. By Percy Stewart het hulle die probleem reggestel deur 'n dieper dam met 'n kleiner oppervlakte te bou.

Hulle het ook by Flip Human geweldig baie probleme met die viskositeit van die slyk ondervind. Hoewel daar streng volgens die vervaardigers van die pompe se pompkurwes gewerk is, het dit gou geblyk



Van links: Mnr Gerrie Roos, besturende direkteur van Bergland Instant Lawn, in gesprek met mnr Koos Richards, stadsingenieur van Krugersdorp, mnr Hennie Duvenhage, hoofseikundige van Krugersdorp en mnr Johan van der Linde, werkebestuurder by die Percy Stewart-aanleg.

dat die praktiese en teoretiese viskositeit van die slyk verskil het en die antwoorde wat van normale pompkurwes verkry is tot die verkeerde keuse van pompe gelei het.

Verder moet 'n mens, volgens mnr Richards ook baie versigtig wees met die inlaat- en uitlaatstrukture van die damme.

"Die pompe moet deeglik onder die dam se vloervlak wees aangesien jy die hele tyd ten volle ondergedompelde toestande vir jou inlaat nodig het."

By Percy Stewart het hulle ook baie meer opsies in die pompstasie toegelaat as by Flip Human.

"Dis baie belangrik dat jy alle opsies met die pompstasie moet kan doen," sê mnr Richards. "Jy moet skoon water deur die slykpomp kan pomp, jy moet water met die skoonwaterpomp kan terugpomp deur die inlaat tot in die slykdam, jy moet die slyklyne met skoon water kan uitspoel asook enigiets anders wat mag nodig raak."

"As jy byvoorbeeld nie die slyklyne skoon spoel nie, kan dit gebeur dat metaangas in die besproeiingspype opbou," sê mnr Richards.

"Ons het byvoorbeeld reg aan die begin by Flip Human die geval gehad dat daar metaangas in die pypleine ontwikkel het. En toe een van die arbeiders besig was om die pype te koppel, steek hy toevallig 'n sigaret aan en daar ontplof die hele spul!"

Dit is ook baie belangrik dat die boer die plaas reg sal bedryf met die slykwegwerking. As die boer byvoorbeeld die slyk kolle gooi en die slyk dam op, kan dit baie probleme veroorsaak en terselfdertyd ook die boer se gewasse vernietig.

Mnr Richards sê die Percy Stewart-rioolwerke ontvang sowat 60 persent huis-houdelike en 40 persent nywerheidsuitvloeisel, terwyl die syfers by die Flip Human-werke net andersom is. By Percy Stewart kry hulle ook die uitvloeisel van die Davis Gelatien-fabriek wat volgens mnr Richards van die swakste afloop is wat 'n nywerheid kan lewer. Die fabriek stort baie kalk en die uitvloeisel het 'n hoë organiese lading. Die uitvloeisel het egter geen uitwerking op die boere se gewasse nie.

Hy sê hulle is baie versigtig om nie die grond te besoedel of uit te put in die proses van slykwegwerking nie en daarom het die Stadsraad 'n aantal rooi vlae in die ooreenkoms met die boer ingebou. Die boer moet byvoorbeeld twee keer per jaar grondmonsters na Onderstepoort wegstuur vir 'n volledige ontleding. Indien daar enige afwykings in die grond is, moet die boer dit op sy eie koste met kunsmatige kunsmis regstel.

Volgens mnr Richards het die slyk die bykomende voordeel dat daar met die besproeiing 'n slykklag bo-op die grond opbou "en dit is in hierdie slyklaag dat die

POST CARD

Postage
Stamp
Required

**DR D.C. GROBLER
NATIONAL INSTITUTE FOR WATER RESEARCH
CSIR
P.O. BOX 395
PRETORIA
0001**

DESIGN OF WATER QUALITY MONITORING SYSTEMS

Please register me for the short course during June 1988.

(Prof/Dr/Mr/Mrs/Ms/Miss)

Name:

Address:

Tel. No. (work)

Organization:

.....

Signature: Date

Please print or typewrite.

POST CARD

Postage
stamp
required

**Mrs Tineke van der Schyff
c/o Water Research Commission
P O Box 824
Pretoria
0001**

BOOK ORDER

Please send me

...copy/ies of: **Agrohydrology and -climatology of Natal** by

RE Schulze. R25,00 incl.

...copy/ies of: **Wastewater treatment and pollution control** by

KA Murray R30,00 incl.

Name

Address

..... Postal code

Telephone Telex

I hereby include a cheque/postal order for the amount of R

Signature Date

Please note: Prices are inclusive of GST. Postage and packing (for orders within South Africa) are free. All **orders must be prepaid**. Cheques payable to the Water Research Commission, please.



Mnr Gerrie Roos wys hoe die gras lyk nadat dit losgesny is. Amper geen bogrond gaan verlore nie.

gras afgesny word. Dit beteken dat daar baie min van die bogrond weggewerk word wanneer die boer die gras uithaal.

"Indien die slyklagie nie daar was nie, sou die boer met elke grassnysel ongeveer vyf tot ses millimeter van die bogrond weggewerk het en oor 'n tydperk van 10 tot 15 jaar kan dit baie nadelig wees vir die plaas."

"Ontledings van die gras toon dat dit op 'n droë basis 'n proteïeninhoud van 22 persent bevat. Dit vergelyk goed met lusern, hoewel die aminosuursamestelling van kikoejoegras swakker as dié van lusern is. Die gras is ook baie ryk aan stikstof," sê mnr Roos.

Hy sê gedurende die somermaande moet die gras gereeld gesny word en hulle gaan nou ook begin om hierdie grassnysels te benut. Vir dié doel is 'n masjien gebou waarmee hulle die los grassnysels van die grond af kan opsuig. Die masjien het 'n groot waaier, soortgelyk aan die waarmee hulle lug ondergronds by 'n myn inblaas, wat ondersteboe gemonteer is en wat die gras opsuig en binne-in 'n sleepwa blaas waaroor 'n skaduweedoek gespan is. Die wind gaan deur en die gras bly agter.

Hy sê dit is die beste om die grassnysels saam met iets soos *Eragrostis* vir veevoer te gebruik.

Een van die diersoorte wat op die gras gedy is volstruise. Mnr Roos sê 'n volstruis vreet basies net soveel gras as 'n merinoskaap maar anders as 'n skaap blaas die volstruise nie op nie.

Behalwe die kitsgrasverbouing het mnr Roos ook verskeie doekhuise op die plaas

by Percy Stewart opgerig waarin hy blomme, hoofsaaklik loofplante soos varings, kweek wat hy na Europa toe uitvoer.

Met die blomboerdery doen hulle nie werklik besproeiing met die slyk nie aangesien die skoon slyk geneig is om die blomme te brand. Voor die blomme geplant word, versadig hulle die grond so te sê met slyk. Daarna word die slyk met 'n kapploeg in die grond ingewerk en die blomme geplant. Die blomme word dan met skoon water besproei.

Mnr Roos sê met die blomboerdery is die bruto omset per hektaar tussen R70 000 en R80 000 per seisoen.

Aangesien daar ook minder grond aan die grasrolle is, is hulle ligter en kan die boer meer gras op sy trokke laai.

WATERKWOTA

Mnr Richards sê die Raad het probleme met die Departement van Waterwese om 'n permit te kry vir die besproeiingswater wat hulle op die plase gebruik. Hulle het op die oomblik 'n waterkwota by albei die plase gekry maar die Departement het reeds gesê dat daar in die toekoms strenger na die kwota gekyk gaan word. Die kwota is basies die jaarlikse reënval wat uitwerk op tussen 760 en 960 mm water per vierkante meter versprei oor die plaas.

Mnr Richards sê hulle het 'n sekere volume gesuiwerde water nodig om die slyk te kan weg werk. Veral by kitsgrasverbouing word daar op verskeie stadia van die groei van die grasmat slyk toege-

dien. Wanneer die boer die slyk besproei, is die hele land swart en dan het hy skoon besproeiingswater nodig om die slyk deur te was, selfs al het dit die vorige dag gereën.

Indien die Departement die waterkwota sou terugtrek, sal hulle nog die normale slykwegwerking kan doen deur byvoorbeeld die slyk vir 'n paar weke lank op die grond uit te gooi en dit daarna in te ploeg en 'n gewas soos mielies te plant, maar dit sal glad nie so 'n ekonomiese boerdery wees soos tans waar daar water beskikbaar is nie.

Mnr Richards sê dat as 'n mens die aantal werksgeleenthede in aanmerking neem wat geskep word vir elke volume waterenheid verbruik op die plaas (120 swartes en vier blankes is by Percy Stewart in diens) dan behoort so 'n slykwegwerkingsplaas amper as 'n nywerheid beskou te word en nie as 'n normale besproeiingsplaas nie.

Hy sê hulle sit voorts met die tegniese probleem dat die Stadsraad nie mag besproei nie terwyl die boer, omdat die grond nie aan hom behoort nie, weer nie kan aansoek doen om as 'n besproeiingsboer geklassifiseer te word nie.

Die Departement Waterwese besoek die plase gereeld om seker te maak dat daar nie van die slyk in enige openbare strome beland nie.

Om hierteen voorsorg te tref het die Stadsraad stormwateropvangdamme aan die onderpunt van elkeen van die plase gebou. Sou daar dus gedurende 'n abnormale reënstorm water van die plaas afloop, sal dit in dié damme opgevang word.

Behalwe vir die kenmerkende metaanreuk van verteerde slyk is daar geen onaangename reuke op die plase merkbaar nie.

Die slyklaag op die grond is ook so yl dat vlieë nie daarin kan broei nie. Hulle kan wel in die slyk eiers lê maar die slyk word so vinnig droog dat die eiers nie kan ontwikkel nie.

Volgens een van die boere, mnr Gerrie Roos, wat ook die besturende direkteur van Bergland Instant Lawn is, is daar tans 'n uitstekende mark vir kitsgras en verkoop hulle selfs in die winter gras.

Hy sê die kwaliteit van die gras is by die Percy Stewart-plaas seker beter as op enige ander plek aan die Rand. Die gras is in die laatwinter nog groen en dit is grootliks te danke aan die bemestingskwaliteite van die slyk en die ligging van die plaas.



'n Teorie waarmee 'n besproeiing-skeduleringsstrategie beplan kan word, is deur die Departement Landbouweerkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ontwikkel. Die mikpunt van die projek was om die kundigheid te ontwikkel om aan koringboere in die Vrystaatstreek 'n diens te kan lewer wat sal verseker dat hulle die beskikbare water so doeltreffend moontlik gebruik.

Professor Jimmy de Jager, hoof van die

Departement Landbouweerkunde en leier van die projek, sê die navorsingspan het in 'n voorafgaande projek 'n wiskundige model geformuleer waar weerdata gebruik word om besproeiing te skeduleer. Weersomstandighede is 'n belangrike faktor as die waterbehoefte van 'n gewas bepaal moet word en daarom is die model verder verfyn en ook in die praktyk geëvalueer. Die model staan bekend as PUTU-9.

Die Penman-Monteith-formule wat in

Engeland ontwikkel is, is as basis vir die ontwikkeling van PUTU-9 gebruik. Die Penman-formule maak van weerdata gebruik om die totale verdamping vanaf die oppervlakte van 'n plant te bereken. Die formule is met enkele wysigings in die skeduleringsprogram opgeneem en die betroubaarheid daarvan is weer eens beklemtoon.

Die streng waterbeperkings wat die besproeiingsboere in die Vaalhartsskema se-



Koringboere baat by nuwe skeduleringsmodel

Koring wat op mnr Japie Smit se plaas op Hartswater met die besproeiingskeduleringsprogram gekweek is.

dert 1983 opgelê is, het hulle genoodsaak om 'n meer wetenskaplike benadering tot besproeiingskedulering te volg.

Volgens mnr Japie Smit van die plaas Eureka in die Hartswaterdistrik, het boere begin besef dat 'n deeglike kennis van sekere gewasfaktore wat verband hou met die tempo van waterverbruik, van die grondtipe waarop die gewas verbou word en van die invloed wat die weer op die waterbehoefte van die gewas het, nodig

is om doeltreffend te besproei. Die verminderde kwota water wat aan die boere toegestaan is vir besproeiing (huidiglik slegs 50 persent van die boere se oorspronklike hoeveelheid) het die boere gedwing om deeglike oorweging te skenk aan die besproeiingsmetodes en die beraamings van waterbehoefte wat in die verlede van toepassing was. Dit was dan ook die beweegrede vir mnr Smit se betrokkenheid in prof De Jager se projek.

Hierdie besproeiingsnavorsing, wat deur die Waternavorsingskommissie gefinansier is, is uitgevoer op die proefterrein op die Weskampus van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat terwyl die toepasbaarheid van die projek in die praktyk getoets is aan die hand van proefnemings wat by 20 boere in die Hartswater-omgewing met die stelsel uitgevoer is.

'n Mikroweerstasie en 'n verskeidenheid meters is op die kampus van die UOVS

aangebring om weerdata soos windsnelheid, lugvog en temperatuur te meet. 'n Lisimeter, bestaande uit 'n 10 m² bak, 2 meter diep en wat 50 ton weeg, is gebou. Koring is in die bak geplant en deur die bak te weeg, kon uurliks bepaal word wat die waterverlies uit die bak is. Só kon die navorsers die waterbehoefte van die koring asook die verdamping uit die bak monitor. Die vrywaterverdamping is met 'n klas A-verdampingspan gemeet en 'n infrarooi termometer is gebruik om die blaartemperatuur vas te stel. Die inligting wat op die manier ingesamel is, is noukeurig aangeteken en op 'n rekenaar vasgelê.

Op Hartswater is 'n outomatiese weerstasie op mnr Smit se plaas aangebring.

Dit het bestaan uit 'n rekenaar wat telefonies weerdata aan die navorsers by die Universiteit kon deurgee. Alhoewel Hartswater nie met die aanvang van die projek oor 'n outomatiese sentrale beskik het nie, kon die verbinding tog bewerkstellig word deur op spesifieke tye die rekenaar aan die telefoon te koppel en die data deur te stuur aan die navorsers wat in Bloemfontein gereed gestaan het om dit te ontvang.


Op grond van hierdie weerdata en met inagneming van die gewasfaktore van die koring en die klei-inhoud van elke boer se grond, is 'n besproeiingskedule vir spesifieke akkers op elke plaas bepaal. Hierdie skedule is noukeurig deur die boere toegepas. Die doel hiermee was om te bewys

dat weerdata gebruik kan word om oor 'n lang afstand besproeiing te skeduleer.

Die wiskundige model wat vir die proewe gebruik is, het voorsiening gemaak vir drie besproeiingstrategieë waarvan die boer dan een moes kies. Hy moes naamlik besluit of hy wou besproei

- om die grootste moontlike opbrengs te behaal
- om die doeltreffendste watergebruik toe te pas of
- om so veel as moontlik van sy plaas te benut.

Vir enigeen van die drie moontlikhede kon 'n besproeiingskedule beplan word.



Prof Hennie van Zyl, mnr Abraham Singels en mnr Tabo Maree van die UOVS by die lisimeter wat in die projek gebruik is.

RESULTATE

Volgens die metode wat in die projek ontwikkel is, is dit moontlik om met behulp van die rekenaar te voorspel wanneer vogstremming by die gewas gaan intree. Die klei-inhoud van die grond gee die navorsers 'n goeie idee hoeveel water nog vir die plant beskikbaar is en daar kan dan voorspelling gemaak word en die boer kan sy beplanning daarvolgens inrig. So kan selfs vyf dae vooruit voorspel word wanneer dit weer nodig sal wees om te besproei. Wanneer die wind, byvoorbeeld, sterk waai en verdamping dus vinniger as gewoonlik plaasvind, kan die navorsers met behulp van die windsnelheid wat by die weerstasie aangeteken word, bepaal wanneer die boer die gewas sal moet besproei om verwelking te voorkom.

Die grondsoort wat op elke plaas aangeref word, speel ook 'n belangrike rol in die skedulering van besproeiing. 'n Sub-roetine in die wiskundige model maak voorsiening vir die klei-inhoud van die verskillende lae op 'n spesifieke akker en voorspel hoe die grond onder besproeiing gaan reageer.

'n Finale verslag oor hierdie navorsingsprojek getiteld: Navorsing oor 'n koringbesproeiingskeduleringsdiens vir die Vrystaatstreek, is beskikbaar by die Waternavorsingskommissie, Posbus 824, Pretoria 0001.

DIENS

Professor De Jager sê met die nuwe diens wat aan besproeiingsboere gelewer sou kon word, sal 'n weerstasie in 'n gebied opgerig word. 'n Groot aantal plase wat binne 'n radius van tot 50 km van die weerstasie val, sal dus op dié manier van 'n besproeiingskeduleringsstasie voorsien kan word. Daar sal ook voorsiening gemaak word vir die moontlikheid dat die akkers op 'n plaas verskillende eienskappe kan hê, soos byvoorbeeld 'n verskil in klei-inhoud of dat dit 'n ander bemestingsprogram ontvang het.

Die PUTU-9 model wat deur professor De Jager ontwikkel is, kan ook voorsiening vir die gebreke in verskillende besproeiingsstelsels soos spilpuntstelsels, kruipspuite, ens. maak deur te kompenseer vir water wat verlore mag gaan as gevolg van die ontwerp van die verskillende stelsels. Verwantskappe tussen windsnelheid en verdamping- en sproeiverliese by spilpuntstelsels kan byvoorbeeld in die model ingebou word. Vir elke akker sal

Mnr Japie Smit by die tuisgemaakte verdampingspan wat hy gebruik om vrywaterverdamping te bereken.

dan 'n individuele besproeiingskedule uitgewerk kan word.


Die weerstasie wat vir 'n groep plase opgerig word, sal sowat R11 000 kos. Waar as alternatief 'n neutronvogmeter, byvoorbeeld, alleen gebruik word om besproeiing te skeduleer, is die koste nagenoeg R16 000 en kan die toestel vir slegs enkele plase tot nut wees.

"Ons navorsing het getoon dat die gebruik van 'n weerstasie sonder twyfel die gerieflikste en die goedkoopste manier vir die boere is om hulle koringbesproeiing

doeltreffend te skeduleer," sê professor De Jager.

"Die eerste voordeel wat die stelsel vir die boer inhou, is dat hy sy bestaande besproeiingsmetode sonder enige wysigings kan gebruik. Mnr Japie Smit gebruik byvoorbeeld al jare lank hewelpype vir die vloedbesproeiing van sy winterkoring en hy het gevind dat hierdie metode nou net so goed gewerk het as voorheen toe hy nie sy skedulering volgens die navorsers se inligting beplan het nie."

Die tweede voordeel wat die PUTU-9



Prof Jimmy de Jager demonstreer die rol wat die rekenaar in die besproeiingskedulering speel.



besproeiingskeduleringsstrategie inhou, is dat die boer nie belas word met die insameling van data nie. Die tipe gewas en wanneer dit geplant is, die klei-inhoud van die grond en enkele feite oor hoe die grond en die gesaaides tot dusver besproei is en die betrokke reënvalsyfers, is al inligting wat die boer moet verskaf.

Aangesien die Penman-formule vir verskillende gewasse aangewend kan word, sal die PUTU-9 model ook mettertyd na gewasse soos mielies, lusern en sojabone uitgebrei word. Boere uit verskillende landboustreke van Suid-Afrika sal dan voordeel uit die besproeiingsnavorsing kan trek.

Die volgende fase van die projek sal 'n uitgebreide tegnologie-oordrag behels waar boere oor die stelsel se voordele ingelig sal word. Die goeie oes wat reeds deur mnr Smit op Hartswater behaal is, het grootliks daartoe bygedra dat boere in die projek begin belangstel en die voordele daarvan beseef.



Cheyenne flats with Kiowa in the background.

Flats: Separate meters set to save water

The efficient use of water and the prevention of waste are vitally important in South Africa because of limited natural water resources.

The introduction of water restrictions and tariffing systems in order to reduce wastage of potable water, is often practised in urban areas. Metering of water supplied to houses has long proved to be an effective means of curbing excessive use of water by the occupants.

In the case of multi-dwelling complexes where the amount of water used is metered through a single bulk meter, water restrictions and tariffing systems have had only limited success. Occupants of apartment blocks which are bulk metered are far less motivated to conserve water than are the occupants of houses that are individually metered, even when the local authority applies a pricing system which is designed to discourage waste. Individual meters for separate dwelling units in apartment blocks are, however, seldom provided in South Africa while overseas only a few countries, such as Israel apply the practice.

An investigation into the effects of individual metering and billing of apartments is

now nearing completion. The work was undertaken by the National Building Research Institute (NBRI) of the CSIR and financed by the Water Research Commission (WRC).

Twin blocks of flats, Kiowa and Cheyenne in Pretoria, were selected for the investigations, each block containing 36 apartments.

Kiowa was selected to be retrofitted with individual water meters while Cheyenne was used as a control. One Caretaker is responsible for both buildings.

Because the water piping in Kiowa is inaccessible, it was necessary to fit remote read-out meters. One duct serving six apartments was however very confined and the alteration to the piping necessary to install individual meters impractical. It was decided to serve these six apartments with a single meter. One meter is also used to serve the laundry, servants' toilet and an external tap.

A total of 32 Kent PSM-Outreader generator type meters with remote counters were ordered from the United Kingdom at a cost of R256,20 each. The meters were checked for accuracy by officials of the Pretoria water branch using the Council's assizing equipment. All meters were found to be well within the assize limits.

Tenders for the installation of the meters only were called and the lowest of three received was accepted at a cost of R32,81 per meter. The meters were installed during December 1985.

The task of installing the 32 remote counters in two lockable cabinets situated on the ground floor and the interconnecting cables, was undertaken and completed by the NBRI staff during January 1986. The total cost of the retrofit operation worked out to R350 per meter.

To ensure accuracy the bulk meters for both Kiowa and Cheyenne were replaced by the Council during February 1986.

The council commenced reading meters in the middle of March 1986 and water accounts (combined with electricity) were rendered towards the end of April.

The quota per flat set by the City Council for determining the water tariff for the individual meters is, 0,3 kl/d for one bedroom flats and 0,4 kl/d for two bedroom flats.

The first set of accounts received by tenants in April 1986 showed that 14 had

exceeded the quota, three of these having used more than double their quota. Since the introduction of individual metering in Kiowa the number of units exceeding the quota is generally from two to four.

The initial result of introducing individual meters was the identification of points at which water was being wasted. During the investigation an underground leak occurred at Cheyenne and the dramatic effect of this undetected leak on water consumption was clearly demonstrated.

Comparisons of water consumptions during the project are as follows:

Average consumption for Cheyenne - March 1986 to February 1987 (July, August and September excluded due to leak)	386 //apartment/day
Average consumption for Kiowa - May 1986 to February 1987	282 //apartment/day
Difference between 386 and 282 expressed as a percentage of 386 //apartment/day: (Percentage saving)	27 per cent
Original quota for Kiowa (bulk metering)	406 //apartment/day
Difference between 406 and 282 expressed as a percentage of 406 //apartment/day: (Percentage saving)	31 per cent

A survey was carried out to establish the tenants' reaction to the separate metering of water. Virtually all the tenants in Kiowa were greatly in favour of this system and some tenants in Cheyenne, where bulk metering still applies, have requested the caretaker to arrange for separate meters to be installed there as well.

Considerations such as the cost to augment water treatment plants, the long term availability of abundant water supplies in addition to the benefits described above should all contribute to the decision criteria.

In view of the potential for saving water by supplying multiple dwelling complexes with individual meters, the researchers recommended that the National Water Supply Regulations should include the following:

- ☐ Water supply piping in multiple dwelling units should be designed such that individual units could be separately metered on the basis of one meter per unit if the owner or local authority should require to do so; and
- ☐ where it is required by the local authority, such units shall be fitted with separ-

ate meters on the basis of one meter per dwelling unit.

CONCLUSIONS

The following conclusions were drawn from this investigation:

- ☐ Water restrictions and a rising tariff structure have a limited effect on controlling water consumption in bulk-metered apartment complexes.

- ☐ Individual metering of apartments in a multiple-dwelling complex identifies any water-wasters who, under a bulk-metered system, would remain anonymous.
- ☐ Individual metering and billing highlights the existence of, and motivates the tenants to attend to, leaking water fittings in multi-dwelling complexes.
- ☐ The saving in water consumption achieved with individual metering and billing is between 20 and 30 per cent of the bulk metered consumption for multi-dwelling complexes.
- ☐ Tenants of individually metered apartments prefer this system to bulk metering of multi-dwelling complexes.
- ☐ The provisions of individual meters would result in increased costs to the local authority which would not generally be totally offset by savings in water consumption due to the meters.
- ☐ A comparison of the sum of the individual water meters with the total of the bulk meter will very quickly indicate the existence of an underground leak and also the volume of the leak as well as giving an indication of when the meters begin to drift outside the assize limits.

Waterbenuttingsingenieurswese: waar wetenskaplike en ingenieur ontmoet


"Hoewel Suid-Afrika bedeele is met 'n verskeidenheid waardevolle natuurlike hulpbronne is daar een belangrike hulpbron wat deurgaans te kort skiet, naamlik water.

"Om die beste van hierdie bepaalde hulpbron te maak, verg streng omgewingsbeskerming, fyn beplanning en 'n deeglike kennis van suiweringsprosesse. Hiervoor is 'n multidissiplinêre kundigheid nodig wat sy wortels vind in chemie, biologie en ingenieurswese."

So gesels professor WA Pretorius, bekleër van die Randwaterraad Leerstoel in Waterbenuttingsingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria, oor die grondslae van waterbenuttingsingenieurswese as 'n studierigting in die waterveld.

Volgens professor Pretorius is daar geen ander universiteit in Suid-Afrika wat kursusse in waterbenuttingsingenieurswese op voorgraadse vlak in 'n omgewingsgerigte geheel aanbied nie. Daarom is die Randwaterraad Leerstoel in Waterbenuttingsingenieurswese in 1970 met 'n borgskap van die Randwaterraad by die Universiteit van Pretoria se Departement Chemiese Ingenieurswese ingestel om hierdie tekortkoming op nagraadse vlak te oorbrug. Met die kursus word aan ingenieurs en wetenskaplikes die geleentheid gebied om hulle kennis aan te vul en hulle beter te bekwaam vir 'n loopbaan in waterbenuttingstechnologie.

Professor Pretorius sê die Afdeling Waterbenuttingsingenieurswese bied nagraadse kursusse aan wat kan lei tot honneurs- en magistergrade. Hierdie kursusse is ingestel om die voorgraadse kennis aan te vul van mense wat reeds die ekwivalent het van 'n BIng (verkieslik in siviele of chemiese ingenieurswese) of 'n BSc (verkieslik met chemie of mikrobiologie as hoofvakke).



Professor WA Pretorius, hoof van die Afdeling waterbenuttingsingenieurswese, UP, verduidelik hoe 'n sif in een van die proewe gebruik word om alge te kweek wat maklik oesbaar is.



Van links: Mnr J van Leeuwen, professor WA Pretorius en mnr J Botha in die laboratorium van die Afdeling waterbenuttingsingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria.

Daar word ook van tyd tot tyd algemene opleiding verskaf in die vorm van kort kursusse (somer- en winterskole) oor 'n

verskeidenheid aktuele waterbenuttingsonderwerpe. Sulke kursusse kan deur ingenieurs, wetenskaplikes en tegnisi byge-

woon word, maar lei nie tot 'n graad nie. Sertifikate word wel aan die einde van so 'n kursus, wat gewoonlik vyf dae duur, uitgereik. Verder word ook voorgraadse opleiding verskaf deur die aanbidding van steunvakke in die departement chemiese en siviele ingenieurswese en stads- en streeksbeplanning.

Die Afdeling beskik oor moderne fasiliteite en toerusting wat gebruik kan word om navorsing te doen vir magister- en doktorsgrade en het 'n vaste personeel van drie ingenieurs. Behalwe prof Pretorius is daar nog twee senior lektore, naamlik mnr J van Leeuwen, wat 'n chemiese ingenieursagtergrond het en mnr J Botha met 'n siviele ingenieursagtergrond. Al drie het aansienlike praktykervaring in die water- en afvalwaterveld.

Van die vakke wat in die Afdeling aangebied word, sluit onder andere in watermikrobiologie, waterbenuttingstrategie, waterchemie, vasteafvaldisponering, watersuiwering en -behandeling, waterver-sorgingsondersoeke, rioolwatersuiwering, nywerheidsafvalwaterbehandeling en aanlegontwerp.

Die kursus dek heelwat meer as net water. Dit neig eintlik na omgewingsingenieurswese wat uit nagenoeg ses verskillende aspekte bestaan, naamlik, waterbronne of watervoorsieningsingenieurswese, waterkwaliteitsingenieurswese, lugbesoedeling, vasteafval, energienavorsing en gesondheidsingenieurswese. Al hierdie verskillende aspekte is geïntegreer met mekaar en kan nie geskei word nie. Wanneer water, byvoorbeeld, gesuiwer word, ontstaan daar vasteafval in die vorm van slyk en as 'n rioolplaas stink, is dit 'n vorm van lugbesoedeling.

Op die oomblik is daar jaarliks gemiddeld sowat 25 studente wat die honneurskursus volg. Die honneursgraad strek op 'n deeltydse basis oor twee jaar en voltyds oor 'n jaar. Die eerste jaar word hoofsaaklik daaraan gewy om die studente wat uit verskillende vakgebiede kom dieselfde vakinhoud en agtergrond te gee sodat 'n "chemikus en 'n ingenieur dieselfde taal kan praat". Die tweede jaar is 'n toegepaste jaar waar daar hoofsaaklik op die ingenieursaspekte van wateraangeleenthede gekonsentreer word.

Die regulasies vir die magistergraad is van volgende jaar af gewysig. Studente sal dan 'n keuse hê of hulle na die honneursopleiding wil navorsing doen en 'n M-verhandeling skryf en of hulle eerder nog

addisionele vakkursusse wil volg met net 'n geringe navorsingstaak. Die vakkursusse hoef nie noodwendig almal by die Afdeling aangebied te word nie, maar kan ook by ander departemente in die ingenieursfakulteit wees. Die dosente sê baie studente verkies hierdie benadering tot die magistergraad, omdat dit dikwels vir hulle moeilik is om hulle werksaamhede te onderbreek om voltyds navorsing te doen.

Daar word 'n redelike duidelike onderskeid gemaak tussen meestersgraad- en doktorsgraadnavorsing. Die meestersgraadnavorsing behels gewoonlik 'n direkte, praktiese ondersoek terwyl die doktorsgraadnavorsing meer fundamenteel van aard is en 'n nuwe bydrae tot die wetenskap en ingenieurswese moet lewer.

Professor Pretorius sê hulle verkies dat studente die navorsingswerk op een van drie maniere aanpak:

- ☐ Indien die student reeds by 'n instansie werksaam is, word hy gevra om op 'n probleem wat hy binne sy werksveld geïdentifiseer het navorsing te doen. Die werkgever betaal in die geval gewoonlik vir die navorsing en wanneer die student sy graad behaal, gaan hy terug na die werkgever toe met 'n verslag en kennis wat hy dadelik kan toepas.
- ☐ Die student doen navorsing oor enige onderwerp wat hom interesseer en betaal self daarvoor, of
- ☐ Die universiteit gee 'n navorsingsprojek aan die student en finansier die werk met fondse wat deur middel van projekvoorleggings verkry word van instansies soos die Waternavorsingskommissie, die Stigting vir Navorsingsontwikkeling by die WNNR of plaaslike owerhede.

Die algemene neiging in die Afdeling se navorsingswerk die afgelope tyd is om nie alleen alternatiewe stelsels van watersuiwering te ondersoek nie, maar om veral ook te konsentreer op twee hoofrigtings, naamlik:

- ☐ Die ontwikkeling van watersuiwerings-tegnieke waarmee die omgewing nie besoedel word nie, en
- ☐ Die herwinning van neweprodukte uit afvalwater.

Eersgenoemde is iets besonder aangesien elke watersuiweringsproses, veral chemiese watersuiwering, altyd 'n residu nalaat.

Vier gebiede waar daar in die Afdeling al redelik baie navorsingswerk gedoen is, is:

- ☐ Osonering in watersuiwering en afvalwaterbehandeling – die proses laat geen skadelike residu na nie en bied verskeie kwaliteits- en bedryfsvoordele.
- ☐ Die kristallisering van fosfate uit rioolwater waar behalwe suiwering ook 'n nuttige neweproduk verkry word. Professor Pretorius glo dat die fosfaat wat tans in rioolwater is in die toekoms in sakke as kunsmis verkoop sal kan word.
- ☐ Die toepassing van geïnduseerde korrosie in afvalwaterbehandeling waar metale in water opgelos word vir koagulasie en flokkulasie sonder om die soutgehalte van die water te verhoog – soos dit wel gebeur wanneer konvensionele koagulante gebruik word.
- ☐ Die herwinning van neweprodukte uit nywerheidsafval in die vorm van enkel-selproteïene.

Die dosente reken dat een van die grootste hoogtepunte gedurende die afgelope 17 jaar waarin die Afdeling bestaan, die ontwikkeling was van die sifbeginsel om filament-organismes selektief te kweek vir die ekonomiese produksie van enkel-selproteïene.

Dié dinamiese seleksiemetode word gebruik vir die kweek van alge wat maklik geoes kan word sonder die byvoeging van chemikalieë. Die stelsel word tans uitgebrei na heterotrofe organismes. Hierdie organismes sal dit moontlik maak om byvoorbeeld by nywerhede soos SASOL die grootste gedeelte van hulle organiese besoedeling – 20 000 tot 30 000 ton per jaar – in proteïene te omskep.

Sedert die instelling van die kursus is altesaam 99 naagraadse toekennings al in die Afdeling verwerf. Hiervan was 79 honneursgrade, met 56 in ingenieurswese en 23 in wateromgewingsleer. In waterbenuttingsingenieurswese is ook sewe meesters- en ses doktorsgrade toegeken en in wateromgewingsleer ses meesters- en een doktorsgraad. Tans is sowat 35 persone in die afdeling besig met nagraadse studie.

Persone wat belang stel om meer inligting oor die kursus in waterbenuttingsingenieurswese te bekom, kan in verbinding tree met die Hoof van die Afdeling deur te skryf aan professor WA Pretorius, Departement Chemiese Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria, 0002 of hom te skakel by (012) 420-2198.



VIRUS DETECTION IN WATER

A kit using "gene probes" has been developed to detect viruses in water that is a "thousand times more sensitive than serological tests," according to Charles Gerba, a University of Arizona microbiology professor. The gene probe he developed with a team of researchers is a piece of either DNA or RNA. Jonathan Beard writes in *New Scientist* (5-28) that this snippet binds to the corresponding sequence of base pairs of a gene in the sample of target virus.

According to Gerba, viruses are much more resistant than bacteria to water treatment techniques such as chlorination, ozone or chloramines. The researchers started up a company called Probit, with funding from the University's Division of Industrial Cooperation, and aim to provide kits selling for about \$50 that will provide results within two hours. They have developed probes for dozens of types of viruses, including polio, meningitis and childhood diarrhea.

Water Newsletter 15687

NEW SYSTEM PROTECTS GROUND WATER EFFECTIVELY

An innovative sampling method, developed by Daniel Ronen of the Israel Hydrological Service, and Prof M Magaritz, of Israel's Weizmann Institute, can alert water authorities to impending pollution of underground aquifers. Procedures used until now only yield information after the ground water in a given area has been polluted – much too late for remedial action to be effective.

Since pollution almost always reaches aquifers from the surface, the two researchers thought that it would be useful to monitor underground bodies of water from the surface. At this level, they believed, it would be possible to detect the approach of harmful substances, long before they manage to pollute all of the reserve.

They designed a plastic pipe with slits at different levels that can be inserted into the soil, reaching down just past the water table. Inside the pipe are several dozen individual membrane covered chambers, well separated from each other. Each of

these can be entered only by the water at its specific depth.

The detailed analysis of water samples, each extracted from the soil at a clearly defined depth, yields vital information. Chemicals just beginning to enter the aquifer are identified long before they can build up dangerous concentrations. This often makes it possible to pinpoint their source and to take the necessary corrective action while it can still be effective

Aqua 586

BARNARD ONTVANG MEDALJE IN VSA

By die onlangse stigtingsvergadering van die nuwe Waterinstituut van Suidelike Afrika is bekend gemaak dat dr James Barnard, 'n senior vennoot van die raadgevende ingenieursfirma Meiring en Vennote in Pretoria, vanjaar die gesogte Thomas R Camp-medalje van die Water Pollution Control Federation (WPCF) in Amerika sal ontvang. Die oorhandiging vind tydens die WPCF se kongres in Philadelphia plaas.

Thomas R Camp was 'n wêreldberoemde Amerikaanse raadgevende ingenieur, 'n uitstaande konsultant en dosent en teg-

